
# 184 Hoor die blye engellied




Christus, ewig God en Heer, Christus daar omhoog vereer,
in die volheid van die tyd word Hy mens, in needrigheid.
Sondelose Lam van God kom aanvaar die mens se lot;
Hy, met mense saamgetel, ware God – Immanuel!
Ook die aarde bring Hom eer - Christus, ewig God en Heer!

Hy, die Vredevors regeer, deel geregtigheid ons mee,
lig en lewe in elk land,en genesing deur sy hand.
Diep het Hy hier neergedaal, om ons uit die dood te haal;
deur sy koms word Adamskind ewig weer met God verbind.
Hoor die blye engellied, aan die Koningseun gebied:

Charles Wesley (1707-88) Felix Mendelssohn (1809-47)